Skrifgedeelte: Numeri 9:15-23

Teksvers: Numeri 9:17

Tema: Ek daag jou uit – trek!

As daar een ding is wat vir ons as mense `n lelike uitdaging kan raak, is dit om te trek. Ja, vir sommige van ons is dit opwindend as jy dink aan die feit dat jy nuwe plekke gaan sien, nuwe mense gaan ontmoet en dat daar nuwe uitdagings vir jou wag. Vir ander van ons is die idee om te trek bykans vreesaanjaend. Dit is weg van die bekende, weg van dit waaraan jy gewoond is en dalk weg van die mense wat jy liefhet. Dan praat mens nog nie eers van die logistiek wat daarmee saamgaan om te trek nie!

Vir die Israeliete was dit op `n stadium bykans tweede natuur om te trek.  Hulle was `n trekkersvolk wat vir veertig jaar lank van plek-tot-plek versit het terwyl hulle besig was om onder die juk van die Farao en Egipte uit te kom onder die hand van die Here. Ons hoor op `n besonderse manier hoe God by die volk was deur die wolk wat bo die tabernakel gebly het. Wanneer hierdie wolk bo die tabernakel oplig, dan pak die Israeliete op en hulle trek agter die wolk aan en daar waar die wolk neerkom, daar slaan die Israeliete weer kamp op. Elke keer wat God vir hulle die teken gee om te trek, dan trek hulle.

Hierdie wolk was nie maar bloot net `n natuurverskynsel nie.  Dit was `n besonderse manier waarop die teenwoordigheid van die Here vir die volk duidelik moes wees. Reeds in Eksodus 40 hoor ons dat, nadat die tabernakel klaar gebou was, die Here in `n wolk afgekom het en die tabernakel vol gemaak het.  Die teenwoordigheid van God was só sterk dat Moses nie eens in die tent van ontmoeting kon ingaan nie.  Die feit dat die wolk dus só oor die tabernakel gehang het, was dus vir die volk `n versekering dat God met hulle was. Hy het self bepaal wanneer hulle moet trek en wanneer hulle moet oorbly.

Om dit só te stel, klink baie eenvoudig, maar dink bietjie oor wat die praktiese implikasies daarvan was. Die mans alleen was ongeveer 600 000 en dan kom die vrouens en kinders nog by! Om nie eens te praat van die diere wat ook nog met die trek saam gegaan het nie. Daarby moes die tabernakel ook afgeslaan en verskuif word. Die hele kompleks met die doeke, waskom, kandelare, offerbroodtafel, die ysterblokke wat die kante regop gehou het...al hierdie voorwerpe moes ook afgeslaan en saamgetrek word.

Daarby moes die volk in `n sekere volgorde getrek het. Juda, Issaskar en Sebulon het oos van die tabernakel kamp opgeslaan. Ruben, Simeon en Gad het suid van die tabernakel kamp opgeslaan. Efraim, Benjamin en Manasse het wes van die tabernakel kamp opgeslaan en noord van die tabernakel het Dan, Aser en Naftali kamp opgeslaan en dit is in hierdie selfde volgorde wat hulle ook moes trek.

As ons dink aan al hierdie implikasies, kan ons nogal dink dat die volk redelik maklik moedeloos en selfs kwaad kon word indien hulle kort-kort sou moes trek. Dan dink ons in werklikheid nog nie eens aan al die ander uitdagings daarvan om in die woestyn te trek nie! Die hitte, die warm grond en die skerp klippe...

Tog, elke keer wat die wolk opstyg bo die tabernakel het die volk kamp opgeslaan en getrek. Ondanks die ontberinge, die swaarkry en die uitdagings, wanneer die Here die aanduiding gee het, het die volk kamp opgeslaan en getrek. En daar was in die besonder twee redes hoekom die volk getrek het wanneer die wolk beweeg, en gebly het wanneer die wolk tot stilstand gekom het.

Eerstens het hulle volkome op God vertrou om hulle te lei tot in die Beloofde Land – dit is immers Hy wat hulle uit Egipte gered het en wat aan hulle die belofte gegee het van `n eie land, `n land wat vol oorvloed is. `n Vrugbare land! Daarom het hulle aangehou om die Here te volg ten spyte van die ontberinge wat hulle beleef het. Hulle visie, hulle droom van die Beloofde Land het hulle gedring om aan te hou om die Here te volg.

Tweedens het hulle daarna gesmag en verlang om in die teenwoordigheid van die Here te bly. Die feit dat die Here Homself aan die volk bekend gemaak het en dat Hy nog duidelik vir hulle gesê het wat Hy van hulle verwag as hulle God, maak God heeltemal anders en uniek as al die ander gode. Enige ander “god” is tot `n meerdere mate onbekend. Jy kan hom nie werklik ken nie en jy weet nie hoe jy met hom staan nie. Jy bly maar altyd in die weegskaal en die noodlot beslis waar jy gaan opeindig. Maar die Here, die God van Israel is heeltemal anders! Hy het Hom bekend gemaak aan die volk. Hy het vir hulle gesê wat Hy van hulle verwag op grond daarvan dat Hy hulle bevry het. En om hierdie rede smag die volk eenvoudig net om in die teenwoordigheid van hierdie God van liefde te bly.

soos met elke gedeelte in die Ou Testament kan ons ook hieruit iets leer. Elke keer wat ons hoor van die volk wat uit Egipte verlos is, kan ons dink aan die verlossing wat God aan ons gegee het uit ons eie ballingskap. Die verlossing uit Egipte is `n tipe van die verlossing wat ons in Jesus Christus vind. Waar die volk deur Moses uit Egipte, uit slawerny, verlos is, is ons as gelowiges deur Jesus uit die Dood, uit die slawehuis van ons sonde, verlos. Ons is uitgelei uit die verdrukking wat die sonde en die dood op ons gesit het en daar is aan ons die belofte gegee van `n Beloofde Land, van `n Nuwe Jerusalem waar ons die teenwoordigheid en oorvloed van God op `n besonderse manier gaan beleef. In die woorde van Paulus: *“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie...”*

Maar tot tyd en wyl ons daar is, leef ons nou in woestyn-tyd. Ons is op trek, elkeen van ons, op pad na ons ewige bestemming. In hierdie woestyn-tyd, in ons lewe van elke dag, moet ons optrede, ons gedagtes, ons dade, of ons trek en of ons bly bepaal word deur die Here wat voor ons uitgaan. Ons droom, ons visie van Christus wat op die wolke kom moet bepaal of ek “trek” en of ek “bly”.

Wanneer ek uit my ou slawehuis van die sonde en die dood uitgelei is, kan en mag my optrede nie meer bepaal word deur my voorkeure en afkeure nie. Dan kan en mag my optrede nie meer bepaal word deur net dit waarvan ek as mens hou nie. Dit is juis dan wat my lewe bepaal moet word deur die feit dat Christus my verlos en bevry het en dat ek my Verlosser werklik kan ken. Hy is immers Immanuel – God met ons! Die verlossing en bevryding wat ons in Jesus Christus vind, is só groot, só oorweldigend dat dit ons hele lewe verander. Dit sluk ons in en laat ons aan onsself sterf, sodat Jesus Christus in my kan lewe.

Dan moet elke woord, elke gedagte, elke gesprek van my oorheers word deur dit waarvan ek en jy droom – daardie dag wat ek en jy in ons Beloofde Land kan ingaan om in die teenwoordigheid en in harmonie met God te lewe.

Dan moet elke woord, elke gedagte, elke gesprek van my bepaal word deur Hom wat op die wolke gaan kom wat nou vir my sê wanneer ek moet trek en wanneer ek moet bly. Sy koningskap moet só duidelik word in my lewe!

So, hoe gaan jy in hierdie jaar wat kom met oorgawe lewe? Hoe gaan die verlossing en nuwe lewe wat jy in Christus vind jou voornemens vir die jaar bepaal? Waarop gaan jy fokus in jou optrede, jou woorde, jou gesprekke? Gaan jou optrede, jou drome en jou doelwitte getuig van jou lewende verhouding met Christus met jou oë gerig op sy weerkoms? Of gaan jou lewe getuig van `n persoon wat dalk uit die slawehuis van die sonde en die dood is, maar wat daarna terug verlang en dit koester?

Mag God elkeen van ons só aanraak in hierdie jaar dat ons al hoe meer ons oë gerig sal hou op Christus, die Begin en Voltooier van ons geloof – Hy wat nie net in die wolk vir ou Israel teenwoordig was nie, maar Hy wat Immanuel is en weer op die wolke gaan kom!